

BESTE PRAKTYK

KODE OP ALLE VEEBOERE VAN TOEPASSING

'n Hersiene weergawe van die rooivleisbedryf se kode vir beste praktyk is op die Rooivleisprodusente-organisasie se kongres in Bloemfontein aanvaar.

DAAR is al hoe groter druk op veeboere deur verbruikers en die res van die waardeketting om veilige, voedsame diereprodukte te produseer, het mnr. Koos van der Ryst, ondervoorsitter van die Rooivleisprodusente-organisasie (RPO), op dié organisasie se kongres in Bloemfontein gesê.

Veilige en heilsame voedsel is 'n basiese mensereg wat in die Grondwet van Suid-Afrika onderskryf word. Daarom rus daar 'n verantwoordelikheid op boere om dié verpligting teenoor verbruikers na te kom. En daarom het die bedryf 'n hersiene weergawe van die kode vir beste praktyk aanvaar.

Volgens Van der Ryst is 'n stel basiese riglyne in dié kode vervat. Dit bevat maatstawwe waaraan elke boer hom- of haarself kan meet, asook standaard-bedryfsprosedures wat die produsent sal lei om voortdurend te verbeter. Dit handel oor aspekte, soos die bewaring van ekostelsels, die beskerming van natuurlike hulpbronne, dierewelstand, opleiding en die maatskaplike ontwikkeling van werknemers, het Van der Ryst gesê.

Van die aangeleenthede in die kode sluit in:

■ Die Nasionale Ontwikkelingsplan

Dié plan gee 'n breë visie van ekonomiese groei, die vermindering van armoede en die vermindering van ongelykheid teen 2030. Dit bevat spesifieke strategieë wat betrekking het op die landbou en omgewingsvolhoubaarheid. Die vee-ontwikkelingsstrategie vir Suid-Afrika het uit die NOP voortgevloei. Dit is van betrekking op die kode vir beste praktyk, aangesien strate-



Dr. Heinz Meissner (links), RPO-raadgewer, wat die bedryf se hersiene kode vir beste praktyk aan mnr. Lardus van Zyl, voorsitter, en Paradise Mahlanu (regs) van die organisasie vir opkomende rooivleisprodusente oorhandig het. 'n Veediefstalhandleiding is ook op die kongres bekend gestel. FOTO: JOHAN NORVAL

gieë ingestel moet word omdat boere sekere verantwoordelikhede teenoor die omgewing het.

■ Vrstelling van kwekhuiggasse

Vee dra by tot die vrystelling van kwekhuiggasse. Dit kan beperk word deur die toepassing van sekere maatreëls op die plaas, soos verbeterde produksiedoeltreffendheid. Die plaaslike rooivleisboere se produksiedoeltreffendheid behoort in pas met dié van hul mededingers te wees sodat hulle hier en in die res van die wêreld kan meeding. Biologiese doeltreffendheid is waarskynlik die belangrikste faktor en boere kan dit gedeeltelik beheer. Lae wins is dikwels die gevolg van lae reproduksiesyfers, hoë vrektes en die verkeerde samestelling van 'n kudde. As veeboere daarna streef om reproduksie- en kalfsyfers te verbeter en biologiese doeltreffendheid op dié manier te bevorder, sal die boerdery se koolstofspoor ook kleiner wees.

■ Biodiversiteit en ekostelsels

Die bewaring van die biodiversiteit van flora en fauna en die gepaardgaande ekostelsels het 'n internasionale aangeleentheid geword. Dit is omdat die suksesvolle funksionering, veerkrag-

tigheid en volhoubare benutting van natuurlike hulpbronne in die toekoms, net soos in die verlede, sal afhang van voldoende genetiese diversiteit en gesonde ekostelsels. 'n Holistiese benadering is noodsaaklik om die biodiversiteit van Suid-Afrika se flora en fauna en die meegaande ekostelsels te beskerm.

■ Veldbestuur

Aangesien veldbestuur grootliks bepaal word deur die produktiwiteit en welstand van die ekostelsel of bioom, beteken dit hoe beter die toestand van die veld, hoe beter sal veeproduksie wees.

■ Waterbestuur

Die landbou verbruik ongeveer 75% van die reënval in Suid-Afrika. Daarvan word 60% vir natuurlike plantegroei aangewend, 12% vir oesproduksie op doëland en 3% vir besproeiing. Daarom is dit noodsaaklik dat boere maatreëls instel om water te bespaar. Dit sluit in opvangdamme op die plaas, vleilande, plantbedekkings en die beperking van grondbewerking met meganiese toerusting.

■ Voorkoming van besoedeling

Doeltreffende afvalbestuur, die oordeelkundige gebruik van

onkruidodders en metodes om bemesting toe te dien, asook die beheer van afvalwater deur tiensiewe ondernemings, soos voerkrale, is noodsaaklik om die omgewing te bewaar (veral in die geval van vleilande en ander waterbronne).

■ Dierewelstand

Dierewelstand kan beskryf word as 'n weerspieëling van die mens se strewe na die "menslike" of humanitêre behandeling van diere. Op internasionale vlak word hierdie poging gerig deur 'n stel beginsels wat betref die versorging van diere, soos in die geval van vee op plase, tydens vervoer, of by verkoopslokale of veilingskrale. Dit is nie moeilik om met die basiese beginsels te assosieer nie, trouens, dit weerspieël die liefde wat boere vir hul vee het.

■ Biosekuriteit en siektebestryding

Biosekuriteit behels dat stappe vroegtydig en deeglik gedoen word om die verspreiding van aansteeklike siektes te keer. Die beginsel is dat hoe minder kontak daar tussen diere is, hoe kleiner is die kans dat siektes sal versprei. Dit is tot voordeel van die individuele boer én Suid-Afrika se nasionale kudde.

■ Versekering van 'n lewensvatbare bestaan en die welstand van werknemers

Die oorhoofse beginsel is dat boere seker moet maak dat die regte en welstand van plaaswerkers en hul gesinne gehandhaaf word en dat hulle sal bydra tot die maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling van die plaaslike gemeenskap en dié in die nabye omgewing.

HIERDIE BLAD IS DEUR DIE ROOIVLEISPRODUSENTE-ORGANISASIE GEBORG.

BERIGTE IS DEUR DIE RPO GESKRYF EN VERSKAF. RIG NAVRAE AAN DIE RPO BY 012 348 1933.

E-POS: rpo@lantic.net. WEBWERF: www.rpo.co.za.